

PAASFEES



Paasnaweek is 'n baie belangrike tyd op ons kerkkalender. Mense beplan egter familiebyeenkomste, heerlike vakansies en interessante wegbreek naweke. Alles baie vrolik en opwindend, en tog hartseer en gedemp, want lyding was ook 'n element van Paasvreugde. Die Kerk neem ons vir sewe weke op die Lydensweg van die Here Jesus voor Sy kruisiging, begrafnis en opstanding.



Die sewe lydingsweke begin met Aswoensdag. Oorspronklik is dié term ontleen aan Latyn, 'Dies cinerum', wat dag van asse beteken. Die kleur van Aswoensdag is grys om die sterflikheid van die mens te beklemtoon. Lydenstyd herinner ons aan die veertig dae voor Sy kruisiging, al die struikelblokke wat Hy moes hanteer en wat Hom wou verhinder om Sy verlossingswerk te doen. Dis 'n tyd van hertoewyding en roepingsvernuwing.

Die kleur van Lydenstyd is pers, maar dit verander na bloedrooi vir die Groot Lydensweek wat op Palmsondag begin. Tradisioneel kyk ons na hierdie week voor die kruisiging soos volg:

Sondag – Palmsondag.

Dinsdag – Strydgesprekke in Jerusalem.

Woensdag – Jesus word in Betanië gesalf.

Donderdag – Instelling van die Nagmaal, voetwassing in Getsemane.

Vrydag – Kruisiging en begrafnis.

Saterdag – Jesus in die graf.

Sondag – Opstanding van Jesus.



Allerlei gebruike kenmerk hierdie tyd:

Op Palmsondag word kruisies van palmlare gemaak en palmtakke word voor en in die Kerkgebou geplaas. Sommige gemeentes sien die tydperk van Donderdagaand tot en met Sondag as een groot viering. Op Goeie Vrydag val die klem op die kruisiging. In die Protestantse Kerk is dit tradisie om op die sewe kruiswoorde te fokus. Op Stil Saterdag herdenk ons Jesus se Sabbatsrus in die graf en dit is tradisioneel 'n dag van rus en nadenke. Sondag is Jubelfees: "Die Here het waarlik opgestaan".

Hoe behoort Christene Paasfees te vier? In ootmoed en erkenning van ons sonde en ellende ... in absolute geloofsoorgawe aan Jesus as my Here, die gekruisigde en opgestane Here. Ons doen dit met blydschap en vreugde op pad na môre, en na elke dag wat 'n Paasdag is; 'n dag op pad saam met die lewende Here.



Ds Herklaas Viljoen

Hiermee terugvoer na afloop van die direksie vergadering wat gehou was op 17 Maart 2023.

Eerstens baie geluk aan Johann Marx met sy aanstelling as voorsitter van die Direksie, Schalk Cilliers tree nou op as onder voorsitter. Johann, ons wens jou alle voorspoed en sterkte toe vir die toekoms.

Die proses met die gesondheidsorg is goed op dreef met alle inligting wat ontvang is, deur die gesondheidsorgkomitee verwerk is en 'n eerste konsep model is aan die direksie voorgelê. Die konsep model word tans bestudeer om by 'n finale produk uit te kom. Die direksie neem alle insette in ag en dit word breedvoerig bespreek om by die beste moontlike produk vir Negester se inwoners uit te kom.

Daar gaan op 22 April 2023 weer 'n algemene vergadering gehou word om die begroting goed te keur en terugvoer te gee oor die vordering met die sorgdienste.

Baie dankie vir almal se insette en ondersteuning, dit skep 'n goeie en positiewe gesindheid wat baie waardeer word.

Die direksie wens dan ook almal by Negester 'n geseënde Paastyd toe; mag julle almal die seëninge van God ervaar en mag Sy teenwoordigheid by julle almal wees.

Vriendelike Groete

Negester Direksie

Boererate

Skoonmaak van wasbak:

Gooi 'n groot lepel koeksoda in die uitlaat van die wasbak. Gooi nou $\pm \frac{1}{2}$ tot $\frac{3}{4}$ koppie asyn bo-op die koeksoda; dit gaan kook. Gooi daarna kookwater in die uitlaatopening.

LAG 'N SLAG



Pad na nêrens:

Reisiger aan die verbygaande man: "My vriend, kan jy my sê waarheen hierdie pad gaan?"

Man: "Nee, die pad lê maar altyd nog hier, maar waarheen gaan jy?"



Smart Vision Solar

Groothandelaar
en
Installeerders
van
PV Sonkrag Stelsels

Kontak
Willy 078 364 1416

ALLEENTYD



Een van die bekende verhale in die Bybel is sekerlik die verhaal van Jesus wat op die water loop, en Petrus wat daarna in geloof die water betree maar – vanweë sy ongelofte nadat hy sy oë van Jesus afgehaal en op die rowwe see gefokus het – in die water begin wegsink?

Nadat ek hierdie gedeelte (Matteus 14:22-33) weer gelees het, fokus my aandag skielik op Matteus se vertelling vóórdat Petrus die boot verlaat (v29) en op die water na Jesus toe begin loop ...

Die dissipels bevind hulle op 'n boot op die see waar hulle deur 'n sterk wind en woeste golwe geteister word. Dit tref my dat hulle juis dáár is waarheen Jesus hulle verplig het om te gaan ... in die boot, besig om na die oorkant van die see te vaar (v22). Nou bevind hulle hulleself angsbevange vasgevang in 'n geweldige storm ... *in die middel van die see, geteister deur golwe want die wind was teen hulle* (v24)! Teen hierdie tyd was hulle sekerlik al moeg geroei en geworstel teen die storm en waarskynlik naby die punt van moed opgee. Na nege plus ure se geroei (dit was al die vierde nagwaak), kon hulle slegs sowat drie of vier myl (Johannes 6:19) roei van waar hulle aanvanklik begin het.

En dan, binne hierdie storm, met moegheid en vrees wat hulle oorval en – al sien hulle Hom aanvanklik vir 'n spook aan en skreeu hulle van vrees (v26) – kom Jesus op die water na die dissipels toe aangestap ... *al wandelende sê vers 25*. In my geestesoog sien ek net hierdie prentjie van absolute vrede, kalmte en rustigheid binne die chaos wat besig is om te woed ... en dádelik het Jesus woorde van bemoediging en onderskraging vir hulle: *Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie* (v27).

Eers wonder ek hoe Jesus dit regkry om binne hierdie absoluut oorweldigende en dreigende omstandighede só te kan optree, maar dan besef ek dat vers 23 hierdie vraag beantwoord ... *Nadat Hy die skare weggestuur het, het Hy teen die berg opgegaan om in afsondering te bid. Toe dit aand geword het, was Hy daar alleen*. Jesus was alleen met Sy Vader en het áángehou bid – van sonder die vorige dag tot in die vierde nagwaak – met ander woorde tussen 03:00 en 06:00 die volgende oggend!

Jesus het pertinent tyd gemáák om alléén Sy Vader se aangesig te soek, wég van mense en Sy dissipels en óngeag die stormagtige nag. Hy het kosbare rus- en verkwikkingstyd van onskatbare waarde geag om Sy besondere verhouding met Sy Vader te voed en te bou. Só is Hy toegerus en met nuwe krag gevul om uitdagings en stryd te hanteer ... en het Sy Vader ín en déúr Hom gewerk om Sý Koninkryk op aarde te vestig!

Mag ek jou wat nou hier lees vra ... hoe lyk jóú verhouding met God? Máák jy tyd om alleen by Sy voete te sit en met Hom te gesels, Sy stem te hoor, jou hart voor Hom te ontbloot? Beplan en reël jy jou dag se program rondom spesiale tyd alleen saam met Hom, of probeer jy bloot om Hom êrens in jou besige dag se program 'gou-gou' in te pas ... om baie dae uiteindelik maar net moeg en uitgeput op jou bed neer te val en aan die slaap te raak met die wete dat jy maar weer, soos dalk so baie ander dae, nóóit by daardie kosbare stiltetyd ... alléentyd saam met Hom ... uitgekóm het nie?

Ek wil jou graag aanmoedig – ontwikkel die dissipline om gerééld tyd alléén saam met God af te sonder ... nie 'n vinnige gewete strelende vyf minuutjies wat bloot maar net êrens in jou dag ingepróp word nie ... maar kosbare kwaliteit tyd! Maak doelbewus 'n áfspraak met Hom en – as dit enigsins moontlik is – doen dit verkieslik vóór jou dag in volle swang begin en sy tol eis. So groei jy geestelik ... meer en méér soos Jesus ... en wanneer Christus jou vól maak met Sy Gees, speel angs en vrees nie meer 'n rol nie, maar krag en liefde en selfbeheersing!

Ewige Vader, dit is my hartsbegeerte en voorneme om gereelde tyd te skeduleer om alléén saam met U en in U Woord te spandeer ... om Ú die fokuspunt van my elke dag se program en uitdagings te maak en in en deur U Heilige Gees te lewe. Leer my bid Here ... om rus, wysheid, krag en verfrissing by U te kry ... te léwe in U, te bewéég in U, te wéés in U ... meer en méér soos Jesus!

AMEN

Groetnis

Pierre Jordaan

S O R G S E N T R U M

Die 4de Februarie 2023 was wêreld kanker dag. Weens logistieke probleme, en om almal te akkommodeer, is daar besluit dat Negester nie op 4 Februarie nie, maar wel op 23 Februarie meedoen aan hierdie dag.

In samewerking met Sr Wilma van KANSA is 'n baie suksesvolle dag gehou:

- 8 dames het aangemeld vir papsmere en bors ondersoeke
- 3 inwoners het verdagte moesies laat ondersoek
- 4 mans het PSA toetse laat doen.

Hier volg 'n paar interessante feite oor borskanker:

- Vroeë diagnose en sifting is lewensbelangrik vir die geslaagde hantering van die siekte.
- Borskanker is die algemeenste soort kanker en raak een uit 28 vroue in Suid- Afrika.
- Vroegtydige borskanker diagnose verminder sterftes, verleng lewensverwagting en verbeter lewensgehalte.



Dit is dus uiters belangrik dat jy gereelde selfondersoek doen en - vanaf die ouderdom van 40 jaar - jaarliks vir 'n mammogram gaan.

Wit en Asiatiese vroue is effe meer geneig om borskanker te ontwikkel.

Simptome om voor uit te kyk is:

- Knop of verdikking in/naby die bors of in armholte.
- Verandering in die vorm of grootte van die bors.
- Kuiltjies of rimpels in die vel van die bors.
- 'n Tepel wat na binne keer.
- Abnormale afskeiding uit die tepel.

Elke vrou het die potensiaal om borskanker te ontwikkel, maar hier is 'n paar faktore wat jou in 'n hoër risikokategorie kan plaas:

- **Ouderdom**
Meeste gevalle kom voor in vroue ouer as 50 jaar.
- **Familiegeskiedenis**
Borskankerrisiko is hoër onder vroue by wie se nabye bloedfamilielede die siekte gediagnoseer is.
- **Gewig en fisiese aktiwiteite**
Vetsug of gewigstoename na menopouse en fisiese onaktiwiteit is risikofaktore.
Kry oefening wat jy geniet.
- **Leefstylkeuses**
Alkohol en tabak gebruik word geassosieer met 'n verhoogde risiko vir kanker.
Skep 'n kankervrye leefstyl.

Verlaag jou risiko

- | | |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none">• Handhaaf jou ideale gewig• Oefen gereeld• Volg 'n gesonde leefstyl• Skakel tabak uit en minimaliseer alkohol-gebruik | <ul style="list-style-type: none">• Praat met jou dokter oor hormoonterapie• Bepaal jou risiko vir kanker• Volg voorgestelde siftingsriglyne volgens jou risiko |
|---|---|

Prostaat kanker

Dit is kanker van 'n man se prostaatklier en is die kanker (uitsluitend longkanker) wat die algemeenste in mans voorkom.

Die kwaadaardige selle waaruit kanker bestaan, groei baie stadig. Prostaat kanker tas meestal mans ouer as 50 jaar aan maar, in baie gevalle, sal ander mediese probleme meer lewensgevaarlik wees as die prostaat kanker omdat dit so stadig ontwikkel.

Wanneer prostaat kanker egter vroeg opgespoor en behandel word, is daar 'n 99% oorlewingsyfer agv die feit dat dit minder aggressief is in vergelyking met ander kankers.

Ongelukkig is daar nie baie merkbare simptome in die vroeë stadium nie, behalwe probleme om te urineer.

Faktore wat 'n rol speel

- **Ouderdom**
Hoe ouer 'n man word, hoe groter is die kans om kanker te ontwikkel.



- **Oorerflikheid**

Kanse verdubbel as gesinslede, vader of broer, prostaatkanker ontwikkel.

Verdere ondersoek deur 'n dokter is nodig wanneer een of meer van die volgende simptome teenwoordig is:

- Moeilike passering van urine.
- Moeilike begin en beëindiging van die urinestroom.
- Herhaalde nodigheid om te urineer, veral snags.

Hierdie simptome word gewoonlik veroorsaak deur die gewas wat teen die uretra druk en die vloei van die urine beïnvloed of blokkeer.

Opsporing van prostaatkanker

PSA toetsing word aanbeveel vanaf die ouderdom van 45 jaar.

Die PSA neem toe wanneer kanker teenwoordig is, maar kan ook deur prostaat ontsteking en nie-kwaadaardige groeisels verhoog word.

Wanneer toetse aandui dat kanker 'n moontlikheid is, doen die dokter gewoonlik 'n biopsie om diagnose te bevestig.

PSA is slegs 'n siftingstoets en moet gesamentlik met 'n rektale ondersoek gedoen word.

Na dit alles, wat nou ...

Elke man met prostaatkanker se situasie is uniek.

Jou vooruitsig hang af van hoe vroeg die kanker ontdek is, jou ouderdom, grootte van die gewas en of dit al begin versprei het.

Dit is belangrik om gereeld 'n PSA te doen om sodoende seker te maak dat dit vroeg ontdek word.

Moenie aarsel om jou geneesheer te kontak met vroeë oor enige van die genoemde simptome nie.

Delia

-Sekuriteit-

SUN TZU SE LESSE VIR VEILIGHEID.



Les 3: Ken jou vyand

Sun Tzu:

“Wat het Sun Tzu se opmerkings oor oorlogvoering met Negester te doen? Ons is dan in 'n tyd van vrede.”

Die realiteit:

Persberigte op 22 Februarie 2023 bevestig dat 7 555 mense tussen Oktober en Desember 2022 in Suid Afrika vermoor is. Dit is meer as die 7199 **burgerlikes wat in 'n jaar in Oekraïne** gesterf het nadat Rusland die land binnegeval het. Moord is die enigste misdaad waarvan statistiek betroubaar is, aangesien dit op data vanuit amptelike doodsertifikate gebaseer is.

Ongeveer 82 moorde per dag is tydens die derde kwartaal van die 2022/ 2023 boekjaar gepleeg. Daar is tans (soos op 22 Feb. 2023) 15 000 minder opgeleide polisiebeamptes vergeleke met 10 jaar gelede.

Wat het dit met Negester se veiligheidsplan te doen?

Dr. Hennie Lochner, 'n onafhanklike navorser en forensiese deskundige bevestig: “Ons kan nie moord beheer nie, want kleiner misdaad is nie onder beheer nie. Om groot misdaad stop te sit, moet kleiner misdaad in toom gehou word. Dit is 'n feit. Jy kan enige polisieman vra: 'n Boef groei in sy misdaad”

Negester se “geveg” teen die kriminele is op ons eie beveiliging gefokus met die voorkoming van misdaad en afskrikking as eerste prioriteit.


So lewer ons 'n bydrae tot ons Plaaslike; Streeks- en Nasionale misdaadvoorkoming.

Veiligheid van ons inwoners is prioriteit!

Bly veilig.

Nood- en Sekuriteitskomitee.

AGT KOEIE



My verwerking, gebaseer op 'n e-pos wat ek 'n klompie jare gelede ontvang het ...

Op 'n sekere eiland was dit jare gelede die gewoonte dat, voordat 'n jong man kon trou, hy sy voorneme – en natuurlik ook die vrou van sy keuse – aan die hele dorpie bekend moes maak. Daarna het almal in die dorp hom vergesel na die huis van die pa met wie se dogter hy wou trou, waar die pa en die jongman dan – in die teenwoordigheid van die hele dorp – vir haar 'onderhandel' het.

Op dié eiland was koeie 'n baie belangrike bate en ruilmiddel, en jong manne sou gewoonlik een of twee koeie vir 'n pa se dogter aanbied. As sy egter regtig spesiaal, mooi en/of slim was, was 'n aanbod van tot soveel as drie koeie die norm ... met vier koeie die uitsonderlike rekord aanbod op daardie stadium.

Tommy Cruz was die mees gesogte ryk jong man op die eiland en – soos te wagte – was die ongehude vroue op die eiland in ekstase toe die nuus bekend gemaak is dat hy uiteindelik besluit het om die vrou van sy keuse op die dorpsplein bekend te maak ... en elkeen het stilweg gehoop dat Tommy haar as sy keuse sou aanwys!

'n Verlamme en ongemaklike stilte het skielik oor die skare toegesak nadat Tommy sy keuse bekend gemaak het ... Lisa was nooit eers as rolspeler of énigsins as moontlike keuse geag nie. Sy was immers die eiland se *lelike eendjie* ... onaansienlik, skaam, onvriendelik, verwaarloos, bang ... en sommige het selfs so ver gegaan om te spot dat Lisa se pa eintlik aan Tommy 'n koei of twee verskuldig was, net sodat hy van haar ontslae kon raak.

Groot was die verbasing – en die inwoners totaal stomgeslaan – toe Tommy nie net een koei vir Lisa aanbied nie, maar agt! Haar pa was totaal oorbluf, sy voete onder hom uitgeslaan ... en sonder enige teëstribbeling of poging tot verdere onderhandeling het hy Tommy se aanbod onmiddellik aanvaar.

Daardie selfde aand nog is Tommy en Lisa getroud, en die volgende oggend het hulle vertrek om op 'n ander eiland as die een waarop hulle gebore is en groot geword het, te gaan vestig.

'n Jaar later, met hulle eerste huweliksherdenking, het Tommy en Lisa vir die eerste keer weer na hulle geboorte eiland teruggekeer om vir hulle ouers te kom kuier. Die eiland se inwoners het hulle nuuskierig ingewag, en toe hulle voet aan wal sit, kon almal net oopmond en met stomme verbasing na die duidelik baie gelukkige paartjie staar. Tommy het homself doelbewus en glimlaggend op die agtergrond gehou, maar Lisa was ongetwyfeld en duidelik sigbaar 'n nuwe mens ... sprankelend, vriendelik, opgewek en liefdevol ... niemand kon ophou praat oor hoe pragtig sy was nie!

'n Jarelange vriend van Tommy het hom nuuskierig eenkant toe geroep en belangstellend uitgevra oor Lisa se ongelooflike transformasie. Tommy verduidelik toe dat Lisa van kleins af soos 'n vuil en stukkende stuk lap behandel was ... tot so 'n mate dat sy later vas geglo het dat sy 'n lelike, nikswerd en klaaglike mislukking was. Tommy het egter die 'verskuilde diamant' in haar raakgesien, haar ver bo haar opinie van haarself geag en besluit dat hy haar wou eer deur haar voor die hele dorp as 'n 'agt koeie vrou' bekend te maak ... en haar daarna ook elke dag só te behandel. Tommy het geblom toe hy opgewonde byvoeg: "Sy bly net groei en vernuwe soos wat sy elke dag die bewondering, ondersteuning en liefde vir haar in my oë kan sien en dit eerstehands en persoonlik in my optrede teenoor haar beleef."

Uitdaging... Hoe hanteer jy diegene in jón 'binnekring'? Ag jy jou vrou/man, kinders en vriende as een koei-, twee koeie- of agt koeie mense, en 'bevestig' jy dit deur jou optrede teenoor hulle?

Pierre

Spreuke van C.J. Langenhoven ...



Waardes en waagmoed:

"Gee my 'n man:
Wat sê wat waar is
As die duiwel daar is
Wat doen wat reg is
As die regter weg is
Wat trou by sy gewete bly
As hy straf in plaas van beloning kry."



'n Boodskap uit die landgoedkantoor



Al voel dit nog nie so nie, het die herfs seisoen al weer toegeslaan ... die aande word bietjie koeler en ons sien die son bietjie later opkom.

Ons was gelukkig en het geen sekuriteitsprobleme die afgelope maand ondervind nie. Nog 'n deel van die heining is opgegradeer as deel van ons instandhoudingsplan, en alle heinings sporadiese alarms word elke keer opgevolg word. Die paaie rondom ons heinings is ook herstel en toegang is vergemaklik. Wees verseker dat die heining werkend is maar moet asseblief nie naby daaraan beweeg nie. Ongelukkig het die weerlig die kapelhek raakgeslaan en die elektriese borde gebrand. Dit het so bietjie ongerief veroorsaak en die hek moes met die hand oopgemaak word.

Die spuit van lantanas vorder baie goed en die grootste deel van ons oord is alreeds gedek. Terselfdertyd het ons die sporadiese nagblom en bankrotbossies ook beheer. Die bruggie naby die karavaan staanplekke is herstel en is nou mooi stewig. 'n Ou boomhuis wat inmekaar begin val het en 'n risiko ingehou het, is afgebreek en die materiaal is herwin om weer gebruik te word. Die werk aan die buitekant van die gesondheidsorg gebou is voltooi en dit lyk nou weer soos nuut. Daar is enkele items wat nog aandag geniet en sal teen einde Maart afgehandel wees.

Dit is met groot hartseer dat ons een van die lede van ons personeel moet groet ... Santie Strydom verlaat ons aan die einde van Maart en ons wil haar net die allerbeste vir die toekoms toewens. Ook 'n BAIE groot dankie aan haar wat vir ons só baie beteken het en altyd so vriendelik en bedagsaam was ... ons gaan jou baie mis Santie.

Onthou: Daar is sekere dinge wat geld nie kan koop nie ... soos maniere, integriteit en eerlikheid.

Vriendelike groete

Dawie van Niekerk (Landgoedbestuurder)

Bosbok (*Tragelaphus scriptus*)

Die bosbok is 'n klein wildsbok wat in Afrika, suid van die Sahara, aangetref word.

Volwasse bosbokke het 'n gemiddelde massa van 70 kg en 'n hoogte van ongeveer 90 cm. Die ramme het horings wat tot 55 cm lank kan word.

Bosbokke word nie maklik raakgesien nie, omdat hulle digte bosgebiede en rietruigtes langs riviere verkies.

Die ooi is ses tot sewe maande dragtig, waarna 'n enkele lammetjie in die lente of somer gebore word. Bosbokke het 'n moontlike lewensduur van nege jaar.

Die inligting relevant tot die bydraes oor soogdiere wat op Negester voorkom kom van die volgende bronne:

- Stuart's Field Guide to the larger Mammals of Africa (Chris & Mathilde Stuart)
- The Mammals of the Southern African Subregion (Reay H.N. Smithers)
- Wikipedia

Arrie

Bosbokram



Bosbokooi

DJE "HUPPEL" JN DJE STAP



Een van die wonderlikste ervarings vir my sedert ons op Negester woon, is die voorreg om elke oggend vroeg in 'n veilige omgewing te kan gaan stap.

Ek en 'n paar vriendinne stap vanaf die uitgang – waar ons die nagskof sekuriteitsbeamptes wat gereedmaak om huistoe te gaan, groet – al met die teerpad langs tot soms by die grootpad na Nylstroom en Bela-Bela.

Ons verlustig ons elke oggend in 'n ander prentjie van die sonsopkoms. En elke keer is dit 'n asemrowende mooi! Soos my vriendin Linda tereg eendag opgemerk het: "God se skildery"! Om die dag so tegemoet te loop, is kos vir die siel en maak sommer die hele dag daarna beter.

Dis heerlik om die vars, vroeë oggendlug in jou longte te kan trek terwyl jy nog die dou in die veld kan sien en ruik. Soms blink die doudruppeltjies nog soos diamante op die gras.



Ons hoor en sien die geveerde volkie ontwaak en sien van die skugter boksoorte wat terugkeer na die meer digte deel van die veld nadat hulle vermoedelik elders gaan wei het gedurende die nag. Soms laat sak ek my oë en sien die lewe laer op die grond ook raak, soos 'n muis wat tussen die gras inskarrel, 'n duisendpoot of 'n miskruier wat langs, en soms op en oor die teerpad, aankruie, hase wat eers doodstil sit en dan verskrik weghop as jy nader beweeg.

Ons sien hoe die seisoene verander, hoe die bome begin groen raak na die winter en hoe die blomme aan die begin van die somer van boom tot boom verskil. So het ek begin leer van die bome van die Bosveld en kan selfs al 'n hele paar identifiseer.

Elke dag is 'n ander ervaring tydens ons staptogte. Ons leer die gereelde stappers op die pad ken en kom gou agter wanneer iemand die dag nie stap nie. Almal is ook nie net inwoners van Negester nie, soos die twee dames met die langbeen Franse poedel wat ons elke oggend uitbundig kom "groet" en die skoolseun wat ons elke oggend groet oppad grootpad toe om die taxi te haal.

Soms word daar so in die verbygaan 'n paar woorde met medestappers gewissel en geskerts en soms word daar tot stilgestaan en 'n bietjie gesels.

Ons sien die kom en gaan van die taxi wat die sekuriteitsbeamptes kom op- en aflaa. So groet ons weer by ons terugkeer die dagskofbeamptes wat intussen afgelaai is.

Dinsdae en Donderdae is dit weer die manne wat op pad is om te gaan gholff speel wat ons ons hande in 'n groet laat lig.

Hierdie staptogte is ook ons groepie se geselstyd wanneer ons lief en leed en vreugdes met mekaar kan deel en mekaar kan bemoedig, raad en wenke uitdeel, belangstellings en stokperdjies bespreek en resepte deel. Ons vertel stories uit ons verlede en leer mekaar sommer net ken! So kry die mond ook sommer oefening!

Wanneer ons terugstap en die treë traer begin raak, sien ek uit na my eerste koppie tee van die dag en dank die Liewe Heer vir die voorreg om die dag so te kon begin ... in Sy alomteenwoordigheid wat so duidelik in die natuur aangevoel en gesien kan word!



Dalene

Oor 'n koppie tee:

Pierre en Carin Jordaan (154)

Ek gesels met die nuwe redakteur van Sterreilig, Pierre Jordaan, en sy vrou Carin (154)

Waar is julle gebore en het julle grootgeword?

Carin: Ek is in Pretoria gebore maar het in Randburg grootgeword.

Pierre: Ek is in Port Elizabeth (deesdae Gqeberha) gebore waar ons vir 6 jaar gebly het, daarna vir 3 jaar in Bloemfontein waar ek my eerste skooljare begin het. Vandaar het ons na Pretoria verhuis waar ek die res van my skoolloopbaan voltooi het, op Tukkies gestudeer het en gewerk het tot en met my aftrede.

Waar het julle ontmoet?



Ons het in 1974 ontmoet deur 'n familiëkennis wat Cupido gespeel het, en is op 7 April 1979 getroud.

Hoeveel kinders en kleinkinders het julle?

Ons het 4 kinders, twee seuns en twee dogters, en 5 kleinkinders waarvan 3 seuntjies en 2 dogtertjies is.

Wat was julle beroepe voordat julle afgetree het?

Pierre: Ek was 'n professionele Siviele Ingenieur en vir 45 jaar werksaam by die Stad Tshwane. By my aftrede het ek die posisie van Direkteur: Water en Sanitasie (Streek 3) beklee.

Carin: Ek het destyds by Barclays Bank gewerk totdat ons eerste kind in 1981 gebore is, waarna ek al die jare ma en tuisteskepper was, en later ook my eie naaldwerk bedryf begin het.

Hoekom het julle Negester gekies om te kom bly?

Pierre: Want my siel rus in die Bosveld.

Carin: Die see is te ver van ons kinders af, so die bos is die volgende keuse. Ek mis net Woolies!

Hoe het julle lewenstyl verander vandat julle hier bly?

Pierre: Ons lewens is nou baie rustiger en kalm – baie minder gejaagd.

Waarmee hou julle juis besig?

Carin: Ek doen graag naaldwerk. Ek swem twee maal per week, woon Bybelstudie by en kyk graag na "Forensic Files" op televisie.

Pierre: Ek hou daarvan om in die tuin te werk. Verder lees en skryf ek graag. Ek dien ook as nuutverkose redakteur van Die Sterreilig en as lid van die Raad van Trustees van die Tshwane Munisipale Pensioenfonds.

As jy jouself in een woord kon opsom, wat sal dit wees?

Carin: (Hier antwoord Pierre en sê: Hartsmens! Carin gee soveel om vir ander mense!)

Pierre: Dissipline! Dalk iets wat voortspruit uit my pa wat vir 15 jaar in die weermag was en ons met streng dissipline groot gemaak het, en die feit dat ek vir baie jare karate beoefen en afgerig het.

Noem een ding wat jou ontstel:

Carin: Onregverdigheid

Pierre: Leuens

Wat laat jou lag?

Carin: Ek kan baie lekker vir myself lag – veral wat die tegnologie betref!

Pierre: Enige gesonde humor.

Watter advies sal jy aan vandag se jonger mense gee?

Carin: Moenie die kanse wat aan jou gebied word in die lewe, weggooi nie.

Pierre: Dit wat ek ons kinders altyd probeer leer het: saam met die reg om meer verantwoordelikheid te kry, kom ook die verantwoordelikheid om pa te staan vir die gevolge van besluite wat jy geneem het.

GUNSTELINGE:

Kos:

Carin: Beestong

Pierre: Enige kos wat my vrou maak

Drankie:

Carin: Woolies se Ruby Grapefruit, en gin & tonic

Pierre: Grapetizer, en Stoney gemmerbier

Vermaak/ontspanning:

Carin: Forensic Files op televisie en enige ander speurstories

Pierre: Lees en skryf – veral in die geestelike lyn

Musiek:

Carin: Golden Oldies

Pierre: Gospel en ligte klassieke musiek

Boek:

Carin: Boeke van Francine Rivers

Pierre: Boeke van Frank Peretti



Sport:

Carin: Kyk graag na dans op TV. Ons jongste dogter het ook haar eie dansskool.

Pierre: Karate. Ek het vir 45 jaar aktief karate beoefen en vir 40 jaar afgerig, en het beide my 6de en 7de Dan in Japan verwerf. As 7de Dan was ek tweede in bevel van die JKS Karate organisasie in Suid-Afrika totdat ek aan die einde van 2013 met karate opgehou het.

Kleur:

Carin: Blou

Pierre: Blou

Dier:

Carin: Donkie

Pierre: Leeu

Vakansieplek:

Carin: Hermanus (Carin is in haar hart eintlik 'n seemens)

Pierre: Die Wildtuin


Dalene

VARS GEDRUK ...

Titel: Threat Vector

Outeurs: Tom Clancy en Mark Greaney

Die Ryan's – Pa en Seun – moet steeds op twee fronte veg. Jack Ryan Sr die President van die VSA en Jack Ryan Jnr. op 'n hoogs geheime missie in Turkye.



Wanneer Jack Ryan Jnr. agterkom dat sy span deur die vyand gemonitor word, besef hy dat die VSA se Intelligensie gevaar is.

In die VSA is President Ryan besig om te kyk hoe China die Ooste in 'n bloedbad wil verander. Wat hulle egter nie besef nie is dat China besig is om 'n kuber aanslag op die VSA uit te voer en so hulle staat en militêre infrastrukture te verswak. Die intelligensie agentskap "The Campus" word dadelik opgeroep om dit te hanteer. 'n Persoon wat net as "Center" bekend staan is egter reeds in die VSA ...

Ek wil jou net gou weer herinner, jy gaan nie die boek kan neersit nie.

Tot volgende maand

Ria

Negesterre ...

Ek wonder soms wie almal die Sterreilig gereeld lees en of julle dit interessant vind en/of geniet, maar ek is séker dat daar baie van julle is met interessante stories, ervarings, herinneringe, stokperdjies, ens. In plaas daarvan om dit vir jouself te hou, wil julle nie seblief oorweeg om dit met al ons Negesterre te deel nie?

Ek nooi julle daarom graag uit – sonder om druk op enige iemand te plaas (en veral nie *Pierre pressure* nie) – om dit op skrif te stel en aan Sterreilig te e-pos ... sterreilig9ster@gmail.com ... teen nie later as die 10de van elke maand nie .

Baie dankie, en groetnis

Pierre



**Rocking Horse
Coffee Shop**

Watch this space for our opening

**ROCKING HORSE
KWEKERY**

BRING THIS ADVERT WITH FOR A 30 % DISCOUNT

Autumn and winter are the best times to plant trees for optimal growth in the spring

SCHOEMBIE GARDENS

Garden Service / Tuin Dienste

Grass / Gras

Succulents / Vetplante

Irrigation new and repairs / Besproeiing nuwe en herstel werk

TEL: 064 318 0168 / 064 342 3376

Wie kan ek kontak?

KLINIEK	014-736-3364	014-736-2770
Nood-nommer	072 312 3499	
Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore)	014-736-2580	
GROEPWERK (Annatjie Moore)	014-736-2580	
Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag)	014-736-2725	

Maak asseblief afsprake

Maandae – Vrydae	07:30 - 09:30	Kliniek
Maandae	07:30 - 09:30	Voetsorg
Dinsdae	07:30 - 09:30	Haarsorg
Dinsdae	07:30 - 09:30	Oudioloog (Elke 2de Dinsdag)
Vrydae	Middag	Fisioterapeut



Stywe lyne

Donderdag, 9 Maart, en die Negester hengelaars is op pad na Lemoenplaas. Die visvang het hiër plaasgevind in hul dam.

Sommer 'n hele paar manne, nege van ons, was deel van die "visvangkonfooi" wat reeds om 05:15 vertrek het. Nuwe visvangvriende word gemaak, visgereedskap word geleen en tegnieke word gedemonstreer sodat ervare en nie-so-ervare hengelaars almal tuis voel langs die viswaters. Op dié dag was die vis maar skaars. Natuurlik is ons 3de trofee uitgedeel. Die

Maart-wenner: Cassie Walker, ons eie visvangkoördineerder, met sy 800 gram karp. Baie geluk ou vriend!

Ons het weer eens 'n wonderlike dag in die natuur beleef! So kuier-kuier en met 'n braaivleisvuurtjie en goeie geselskap vra 'n man niks meer nie. Wat 'n voorreg om gesond te wees en die sport te beoefen.

As jy nog nie deel is van hierdie groep nie, en graag wil meedoen, kontak vir Cassie by 0795155568 sodat jy op die groep kan kom. Alle reëlings word via Whatsapp getref. Dalk wen jy die April-trofee ...?

Cassie



Taalgoeters

Hier volg 'n lys van Engelse woorde wat Afrikaanssprekendes algemeen gebruik en 'n hele rits mooi, trots-afrikaanse woorde wat eerder gebruik kan word.

awesome – fantasties, wonderlik, ongelooflik, ontsagwekkend, asemrowend

cute – oulik, skattig, lief, ougat

actually – eintlik, trouens

amazing – merkwaardig, verstommend

obviously – vanselfsprekend, duidelik, ooglopend

eventually – uiteindelik, mettertyd, einde ten laaste

issue – kwessie, saak, aangeleentheid, vraagstuk, probleem, twispunt, strydpunt, geskil(punt)

great – uitstekend, baie goed, besonders

basically – in wese, wesentlik, fundamenteel, basies

anyway – in elk/ieder/alle geval, nietemin, hoe dit ook al sy

Dalene Oosthuizen



Negester Klein-Kariba is die ideale plek vir vyftigplussers op soek na 'n beveiligde leefstyl-landgoed en 'n droomtuiste in die Bosveld.



FASILITEITE EN VOORDELE

- ☑ Veilige en uitstekende beleggingsgeleentheid met ATKV as 'n ontwikkelingsvennoot.
- ☑ Pragtige natuurskoon met velop bergfiets, stop en drafrees.
- ☑ Beheerde toegang tot die ATKV se Klein-Kariba - Vakansieoord.
- ☑ Klubbuis en sportfasiliteite, boma en ook piknikarea.
- ☑ 24/7 sekuriteit met biometriese toegangsbeheer.



Kontak ons nou vir die nuutste plot en plan opsies beskikbaar!


Carin | +27 71 612 9129
carin@boshoffeierdomme.co.za

Hansie | +27 82 419 4642
hansie@boshoffeierdomme.co.za

Reënval Februarie



Totaal: 100 mm Dae: 7



JERUSALEM ... 33 AD

Na die wreedaardigste kruisigingsgebeure daardie Vrydag, het letterlik ALMAL wat toe geleef het gewéét dat Jesus dood en begrawe was ... sterk onder die indruk dat Sý invloed tot 'n einde gekom het!

MAAR ... dan kom Sondag – dié dag waarop die geskiedenis vir ewig verander is – die dag van die mees wanhoop verwoestende, dood uitdagende, graf oorwinnende, vrees vernietigende, hoop inspirerende, profesie vervullende, ontsagwekkende, oortreffende vreugde en blydschap in die geskiedenis van die wêreld ... die klip is weggerol ... die graf is léég ... Hý is NIÉ dood nie ... Jesus het opgestaan en Hy LÉÉF!



Pierre

Voël Van die Maand

SWARTBORSSLANGAREND

Eng: *Black-chested Snake Eagle*
Circaetus pectoralis

Gerhard Vosloo het hierdie majestueuse voël op 6 Maart 2023 op die Duiker Roete raakgeloop. Voor dit is dit al meermale gesien, maar meestal in vlug terwyl dit oor Negester sweef.

Die Swartborsslangarend (*Circaetus pectoralis*) is 'n groot roofvoël van Afrika in die Accipitridae (arend)-familie. Dit lyk soos ander slangarende en dit was eers gemeen dat dit dieselfde spesie is as die korttoonslangarend. Die belangrikste identifikasie karakter van hierdie voël is sy donker bruin kop en bors, wat dit sy naam gee. In vlug vertoon die kop donker in teenstelling met die buik en onderkant van die vlerke, wat wit is afgesien van donker strepe op die vlug vere en stert. Die rugkant is swart/bruin en die oë is geel.

Die wyfie lyk dieselfde, maar is groter as die mannetjie, en die jongeling is rooibruin.

Hierdie spesie kom oor die hele Suider-Afrika voor, van Ethiopië en Soedan in die noorde tot in Suid-Afrika in die suide en Angola in die suidweste. Weens sy wye verspreiding word hierdie spesie nie as bedreig beskou nie.

Dit bewoon verskillende habitatte, mits dit oop terrein kan vind om in te jag en waar daar voldoende kos is. Dit sluit in half droë of selfs woestynggebiede, solank daar bome is om in nes te maak.

Soos sy naam aandui, voed hierdie voël meestal op [slange](#), maar eet ook akkedisse, klein soogdiere en paddas. Kleinerige slange word, in vlug, kop eerste ingesluk en groter prooi word op die grond verskeur en geëet. Alhoewel hy soms van 'n hoë sitplek af jag, jag hy ook gereeld terwyl hy sweef. Dit is die grootste roofvoël wat fladder (Engels: hover). Wanneer hy dan 'n geskikte prooi gewaar sal hy uit die fladderende posisie soos 'n valskerm af beweeg tot hy naby genoeg is om op die prooi af te duik.

Hulle broei in gebiede met hoë bome en die wyfie lê slegs een eier per paring, wat geïnkubeer word vir 51-55 dae. Die volgroeide kuiken verlaat die nes na 3 maande en bly gedeeltelik van die ouers afhanklik vir nog ongeveer 6 maande



In hierdie foto, geneem in die Kgalagadi, kan die wit onderkant mooi gesien word.
Swartborsslangarend – Foto Jan van Biljon

Bronne geraadpleeg:

Wikipedia

Sasol Voëls van Suider-Afrika 5de uitgawe

Sappi Birds of South Africa

Robert Birds of South Africa

The Raptor Guide of Southern Africa van Ulrich Oberprieler

Jan van Biljon

Bosveld Voëlklub

OOGKUNDIGE
GEORGE VAN DER HOVEN
 **Gratis voorskrif sonbril**
Terme en voorwaardes geld
066 517 2571
Bela-Bela | Modimolle | Mookgophong



...Lag ... traan ...

Die redaksie van Sterrelik is bly vir en saam met die inwoners en personeel met wie dit voorspoedig gaan. Ons harte gaan uit na die mense wat tans in nood verkeer.

Uit Grootjie se kombuis...

Paasbolletjies



Suurdeegbolletjies met speserye is tradisioneel op Goeie Vrydag as ontbyt voorgesit. Die Engelse naam "Hot cross bun" dui op die kruis wat bo-op die speserybolletjie gemaak is. Speserye en die kruis is die kenmerk van alle paasbolletjies.

Bestanddele: (Genoeg vir 12 bolletjies)

450 g witbroodmeel

3 t droë gis

1 t strooisuiker

150 ml warm melk

75 ml warm water

1 t sout

½ t gemengde speserye

½ t fyn kaneel

½ t gerasperde neut

50 g strooisuiker

50 g (sagte) botter

1 eier (geklits)

100 g korente

50 g gemengdeskil (gekap)

Metode:

1. Insuursel:

- Meng 100 g meelblom, 1 t suiker, gis, melk en water in 'n groot mengbak.
- Bedek en hou eenkant ±20 min (tot skuimerig) op 'n warm plek.

2. Beslag:

- Meng orige 350 g meel, sout, speserye, suiker (50 g).
- Voeg droë bestanddele, botter, eier, korente en skil by die insuursel.
- Meng deeglik tot sagte deeg. (deeg te klewerig, vat ekstra meel)
- Keer deeg uit op meelbestrooide oppervlak.
- Knie 10 min met hande/ 3 min met menger met deeghaak.
- Vorm deeg in 'n bol. Plaas in oliegesmeerde plastieksak.
- Laat rys tot dubbel die oorspronklike grootte vir ±2 ure, by kamertemperatuur.
- Keer deeg uit op meelbestrooide oppervlakte.
- Knie af, knie verder vir 2 min.
- Verdeel deeg in 12 ewe groot stukke.
- Vorm bolletjies.
- Plaas op gesmeerde bakplaat. (wyd uitmekaar)
- Bedek en laat rys vir 30 min. (dubbel die grootte)
- Maak 'n kruis op elke bolletjie.
- Bak vir 15 – 20 min teen 190°C.
- Pak gaar bolletjie op afkoelrak.
- Smeer met suikerglaseersel terwyl warm.

3. Kruis:

- Trek met 'n skerp mes 'n kruis op gevormde bolletjies voor dit rys.
- Strokies versuikerde skil oorkruis oor gesnyde bolletjies – bak dan.
- Klein strokies deeg oorkruis oor gesnyde deeg geplaas.
- Kan deegstrokies afhaal na gebak – buitelyne van die kruis bly agter.

~Gusta~

NOODNOMMERS

Ambulansdiens Life 24	082 040 5003
Brandweer	014 736 8000
Polisiediens	014 736 9760/1
Stasiebevelvoerder	082 565 8512
Sigbare polisiëring	082 414 2704
Speurtakhoof	082 319 9336
HD Elektries (Dirk)	083 660 0319
Loodgieter (Eric)	083 281 7789
Smart Vision Solar (Willy)	078 364 1416
Suster Delia	082 494 2717
Landgoedbestuurder (Dawie)	071 734 3618
Hospitale	
Provinsiale hospitaal	014 736 7300

Boombrokkies



Bas van papierbasdoring



Papierbasvals doring langs die teerpad by Leonora en Vis se huis.

Mens sou dink dat iemand hom verspreek het as hy van 'n "papierbasvals doring" praat en dat hy eintlik "papierbasdoring" bedoel. Hierdie is egter twee heeltemal verskillende bome. Die volksname is egter baie beskrywend, want albei se bas is los en papieragtig.

Die papierbasvals doring, paperbark false-thorn (*Albizia tanganyicensis*), het glad nie dorings nie. Hulle stamme is opaalagtig wit, met rooi papieragtige buitebas wat mettertyd afskilfer. Die bome word nie groot nie en is 'n baie mooi tuinplant wat van steggies gekweek kan word. 'n Hele paar mooi papierbasvals dorings groei langs ons teerpad, op die plot met die metaalbeelde net na ons bruggie. In Suid-Afrika kom die bome net in Limpopo voor. In die winter sien mens hierdie "wit" bome duidelik teen die rante hier om ons. Papierbas dorings word baie groot en hul takke versprei wyd om 'n plat kroon te vorm. Alhoewel hierdie baie mooi bome is, word hulle te groot om in 'n klein tuin te aard. Voëls maak graag in hulle takke nes. Die bome by Negester se ingang is aangeplante papierbas dorings.



Bas van papierbasvals doring



Papierbas dorings by Leonora en Vis se hek

Leonora



Here Jesus, ek sien aan die kruis met goue letters uitgespel...

"God is liefde"

U dra my sonde na die kruis en bring vir my genade van Bo. Ek sê vir U dankie hiervoor



Geseënde Paasfees

Jou skenking maak 'n verskil

Geskryf deur Mej. Marné Du Plessis

Solidariteit Helpende Hand het 'n netwerk van skenkingswinkels, en dit staan as die Ons Winkels bekend. Ons Winkel is dié plek waar die gemeenskap tweedehandse goedere kan skenk en kan koop. Maar waar is hierdie Ons winkels en hoekom moet jy jou tweedehandse goedere, wat jy nie meer gebruik nie, aan hulle skenk? Die antwoord is eenvoudig dat jou skenking 'n toekoms skep.

In 2009 het die Solidariteit Helpende Hand Ons Winkel-konsep ontstaan, vandaar het die eerste Ons Winkel in 2010 hulle deure in Centurion, Gauteng geopen. Hierdie winkel bestaan vandag nog, en is steeds op dieselfde plek geleë as waar hulle 12 jaar gelede hulle deure geopen het, dié winkel het mettertyd heelwat uitgebrei en is vandag 'n massiewe winkel van 700m².

Vanaf 2010 tot 2022, het dié Ons winkels van slegs een winkel tot 120 winkels gegroei. Hierdie 120 winkels is elkeen uniek en lyk verskillend, maar die beste van alles is dat elke winkel uiteenlopende items verkoop. So as jy graag jou naaste Ons Winkel wil opspoor om 'n skenking te maak, of om iets te koop, gaan besoek gerus Solidariteit Helpende Hand se webtuiste. Onder die skakel vir die Ons Winkels sal jy al die winkels se adresse en kontakbesonderhede kry.

Die items wat jy aan jou naaste Ons Winkel skenk, word weer in die betrokke winkel teen bekostigbare pryse verkoop. Die fondse wat deur die winkels gegenereer word, kom terug na Helpende Hand toe, waarna daar in verskeie fokusareas, met dit gewoeker en gewerk word.



Dié areas sluit onder meer die rentevrye studieleninge in wat Helpende Hand aan studente toeken wat hulself graag deur tersiêre onderrig wil verbeter, maar wat dit nie noodwendig kan bekostig nie. 'n Gedeelte van die omset maak dit moontlik dat daar 23 maatskaplike werkers, regoor ons land, in al nege provinsies aangestel is, wat dit vir Helpende Hand moontlik maak om maatskaplike kwessies in verskeie provinsies te takel. Die Ons Winkels is verder vir 350 werksgeleenthede, wat winkeleienaars en hulle personeel insluit, verantwoordelik. Dit beteken dat daar 350 gesinne is wat maandeliks, te danke aan jou skenkings, onderhou word.

So as jy wonder of die items wat jy nie meer gebruik nie herverkoop kan word is die antwoord vir seker! Elke skenking kan weer verkoop, herwin, of opgeknop word. Jou skenking maak 'n verskil en kan help om 'n toekoms vir iemand anders te skep.

Wil jy graag jou naaste Ons Winkel besoek?

Gaan na ons webtuiste

www.ONSWINKEL.co.za


vir 'n lys van al die Ons Winkels.



Besoek gerus Ons Winkel Bela Bela
by Luna Straat 6 of kontak Heléne
by 082 891 9098



Deel ook j ou "memories" met die inwoners.



“Memories” vasgevang in ’n foto vir eendag se onthou . . .
Deur my Negester kameranens

KOM NEEM DEEL

Blokraaisel

DWARS



- 1 ?
- 3 Ek sien die probleem in elke geleentheid?



- 7 ?
- 8 Gee nie geleende boeke terug nie?
- 9 Marie van Rooyen die afrigter?
- 10 Aepyceros melampus?
- 12 Water aerobics?


AF

- 1 Die suster skakel dadelik daarop as sy u noodsein ontvang?
- 2 Ek sien die geleentheid raak in elke verleentheid of probleemsituasie?
- 4 Lida se gunsteling dier?
- 5 Valentine Boogy?



- 6 ?
- 11 Daar is gif by die kantoor om dit te bespuit?
- 13 Ma tot Vry van 07:00 – 9:00?

Neem 'n foto van die voltooide blokraai en Whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.





SPORT/ONTSPANNING

Tyd	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
06:00 – 06:45				Manne biduur	
07:00 – 9:00	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei
7:30 – 8:30	Water aërobies			Water aërobies	
08:00 – 9:00		Pilates			Pilates
10:00 – 11:00			Lyndans	Lyndans	
14:00 – 16:00		Handwerk			
15:00 – 17:00		Tafeltennis		Tafeltennis	

Neem asseblief kennis dat alle aktiwiteite by die HEV op die jaarkalender geplaas moet word. Sodanige besprekings sal alleenlik verskuif word indien die sameroeper van die bespreekte aktiwiteit persoonlik toestemming verleen en die kantoor persoonlik dienooreenkomstig daarvan in kennis gestel is.

Die klubhuis en veral die boma **MOET** bespreek word by die kantoor indien u dit wil gebruik vir aktiwiteite.

Derek

Sosiale Belangegroep

IKEYS, MATIES, TUKKIES, KOVSIES, PUKKE

Noudat die Varsity rugbyreeks weer op Maandae gespeel word, kom die noemname van veral die drie voorheen Afrikaanse universiteite in die noorde van die land weer na vore. Waar kom die noemname vandaan?

Die Universiteit van Kaapstad het sy ontstaan in 1829, as die South African college for boys, met 'n tersiêre afdeling, wat ontwikkel het tot die Universiteit van Kaapstad.

In Stellenbosch het die Victoria College ontstaan as 'n tersiêre inrigting en as 'n kollege van die Kaapse universiteit. Later het dit onafhanklik geword as die Universiteit Stellenbosch. Van die studente het volgens oorlewering mekaar as Matie aangespreek: en vandaar die naam Maties. As gevolg van die baie Joodse studente aan die Kaapse Universiteit, het hulle die naam Ikeys gekry.

Namate die twee noordelike republieke deur die Afrikaners bevolk is, het daar behoefte aan plaaslike Afrikaanse universiteite ontstaan. In 1908 het die Transvaalse Universiteitskollege van Johannesburg in Pretoria tot stand gekom (TUKS Tukkies): 'n Kollege van die Kaapse universiteit.

In Bloemfontein het die Universiteitskollege van die OVS (UKOVS) ontstaan, later Kovsies genoem. Die PU vir CHO het in 1869 in Burgersdorp begin as die tersiêre afdeling van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk. Dit het in 1905 na Potchefstroom geskuif as die PUK vir CHO (Pukke). Al drie hierdie Universiteitskolleges het mettertyd onafhanklik van die moeder-universiteit (Kaapstad) geword.

Die name Tukkies, Kovsies en Pukke het nog tot onlangs oorleef, maar sal seker mettertyd ook heeltemal verdwyn.

Henk Kruger



Peste en plae



Luiperdmot

Luiperdmot, ook bekend as die broodboom-landmeter, *Zerenopsis lepida* (Engels: Leopard magpie moth) is inheems aan Afrika en het aanvanklik net in die Oos Kaap en KwaZulu-

Natal voorgekom. Die verspreiding word nou dwarsdeur Suid-Afrika aangeteken. Die outjie is nog nie op Negester gewaar nie, maar met heelwat broodbome in tuine, wat van verskillende gebiede waar die plaag wel voorkom, ingebring word, is dit net 'n kwessie van tyd voor ons hulle hier gewaar. Wees dus op die uitkyk vir die probleem.

Eiers word in pakkies gelê aan die onderkant van blare, veral op nuwe groei. Die eiers is series, glad en blink liggeel, word kort na eierlegging helder geel en verdonker net voor die larwes uitbroei. Jong larwes is lig met donker koppe en kolletjies. Ouer larwes is roomkleurig of geel met duidelike kolle. Kleurvariasie kom voor en larwes kan selfs oranje met swart merke wees. Die nuwe groei kan totaal en al vernietig word deur die larwes wat in groepe vreet. Larwes hang ook dikwels aan sydrade en pupeer in die grond. Gevalle waar hulle aan die keëls voed is ook al aangeteken.

Die motte is 'n opvallende helder oranje met geel kolle en is van die min motspesies wat gedurende die dag vlieg. Rapporteer asseblief indien julle hulle gewaar.



Des



WYNGILDE



Op Woensdag, 1 Maart, het die wyngilde met hulle eerste wynproe geleentheid vir 2023 afgeskop. Die proe-wyn was Sauvignon blanc, 'n verfrissende, meestal sitrusagtige wyn, wat ideaal is vir die warm Bosveld somerdae.

Sowat 60 wynvriende het die geleentheid bygewoon. Herklaas Viljoen het ons kennis oor hierdie kultivar verbreed met 'n kort aanbieding en 'n klompie interessante feite en kwinkslae met ons gedeel. Dankie Herklaas!

Soos gebruiklik, is die bottels in papiersakkies toegedraai om te keer dat ons nie bevooroordeel is teenoor die landgoed of "brand" nie. Elke tafel het 6 wyne geproe en individueel beoordeel, en weer eens was die wen-wyne aan die 6 tafels nie noodwendig die duurste of bekendste wyne nie ...

Saam met die wyne is heerlik gesmul aan die lekkerste eetgoed, wat weer deur die 9Ster dames voorsien is; dankie dames!

Ons volgende funksie is op 3 Mei om 18:00 by die klubhuis. Die proe-wyn sal later deurgegee word.

Indien jy wil aansluit by die wyngilde, kontak gerus vir Derek (0832865066) of myself (0716096705). Ledegeld beloop R100.00 pppj en is betaalbaar voor 30 April 2023.

Wyngroete

Alida.



NEGESTER ARBORETUM

Om op 'n aftreelandgoed soos Negester Klein Kariba te woon is 'n voorreg. Hierdie voorreg moet gekoester word, en die natuur om ons moet bewaar word.

Met die ontwikkeling van die landgoed was dit onvermydelik dat baie van die natuurlike plantegroei vernietig is. Hierdie situasie sal steeds voortgaan totdat die ontwikkeling voltooi is.

Dit plaas 'n verantwoordelikheid op ons as inwoners en mede-eienaars om die natuurlike plantegroei wat gespaar bly, te bewaar. Ten einde in hierdie doel te slaag en die diversiteit van die plantegroei uit te brei, het die Omgewingsbelangegroep (OBG) 'n inisiatief begin om rehabilitasie en bewaring toe te pas waar dit moontlik is.

'n Besluit is gedurende 2020 geneem om inheemse bome op die oop terrein oorkant die jukskeibane aan te plant. Die OBG het in samewerking met die landgoedbestuur 'n projek geloods om 40 inheemse bome op die gekose terrein aan te plant. Skenkings is van inwoners verkry vir die aankoop van die bome, asook van materiaal vir beskerming van die bome, kompos, kunsmis, ens. Die dag vir die aanplanting was gereël vir 1 September 2020. 36 Bome is toe deur die inwoners geplant, en die aktiwiteit is afgesluit met 'n bring-en-braai geleentheid. Die inwoners het mildelik bygedra om van die plantdag 'n sukses te maak!

Intussen word die boomtuin deur gewillige inwoners versorg en uitgebrei. Die bome is almal deur middel van genommerde etikette identifiseerbaar. Hierdie poging om 'n boomtuin te vestig het die idee laat ontstaan om 'n arboretum te ontwikkel.

'n **Arboretum** (of boomtuin) is 'n versameling inheemse bome en struik wat in 'n toepaslike area gevestig en versorg word om 'n bepaalde funksie te verrig. Dit kan 'n opvoedkundige funksie verrig deur mense bewus te maak van verskillende boomspesies en hulle unieke eienskappe, en terselfdertyd dien as 'n suiwer wetenskaplike versameling. Dit sal 'n estetiese bydrae lewer tot die ontwikkeling van Negester en sal ook dien as 'n besienswaardigheid vir besoekers in die toekoms.

In 'n botaniese tuin word allerlei soorte plante bewaar, terwyl 'n arboretum fokus daarop om veral geharde houtagtige inheemse plante te bewaar, te vertoon en te besigtig. Etikettering en naamgewing dien hier 'n belangrike opvoedkundige doel. Die visie van die OBG is om hierdie inisiatief regdeur Negester Klein Kariba Aftreelandgoed toe te pas, en sodoende bestaande bome te bewaar vir die toekoms, en nuwe aanplantings te doen.

Verdere ontwikkeling word beplan en alle inwoners sal voortdurend ingelig word oor nuwe verwickelinge met hierdie inisiatief.

Besoek intussen die arboretum en geniet die bome en struik wat reeds aangeplant is!

DIE BEGIN 2020



Omgewings komitee

HUIDIGLIK, MAART 2023

Manne van Maroelastraat veg lantanas

Die manne van Maroelastraat het vir gif by die HEV gereël en die veld, agter en aan die oorkant van hulle huise, ingevaar om Lantanas te spuit.





Ne9ester Klein-Kariba Komitees



SORGDIENTSTE

Direkteur: Volle direksie
Sameroeper: Annatjie Moore

FINANSIES

Direkteur: Johan van Heerden
Sameroeper: Chris Schoeman

OMGEWING

Direkteur: Johan van Heerden
Sameroeper: André Greyling

NOOD & SEKURITEIT

Direkteur: Chris Heyman
Sameroeper: Ben Meyer

ESTETIES

Direkteur: Johann Marx
Sameroeper: Dawie van Niekerk

INSTANDHOUDING

Direkteur: Johann Marx
Sameroeper: Dawie van Niekerk



Ne9ester Klein-Kariba Belangegroep



ONDERSTEUNING: LIEF EN LEED

Sameroeper: Vakant
KANSAs: Nellie Buitendag
Geestelike ondersteuning: Herklaas Viljoen

MANNE BYBELSTUDIE

Sameroeper: Johan Nel

SOSIAAL

Sameroeper: Derek Grobler
Lyndans: Annette Swart
Biblioteek: Mary-Ann Venter
Handwerk: Rita Coetzee
Markdag: Annatjie Ras
Kampeers (Skopsuile): Dawid Appel
Wyngilde: Alida Meyer

SPORT

Direkteur: Johan van Heerden
Sameroeper: Vakant
Fietsry: Stephanie de Haas
Tennis: Wilna van Zyl
Rolbal: Leon Raath
Gholf: Coenie Louw
Jukskei: Hannes du Plessis
Putt-Putt: Chris Rademan
Tafeltennis: Piet van Zyl
Pilates: Trish Fitzpatrick
Biokinetika: Hannie Schoeman
Visvang: Cassie Walkers
Water aerobics: Charlotte Burger
Lyndans: Anette Swart

KOMMUNIKASIE

STERRELIG:

Redakteur: Pierre Jordaan
Bemarking & Finansies: Nellie Buitendag
Webblad: Angus Hughes



BELANGSTELLENDEN WORD UITGENOOI OM DEEL TE WORD VAN DIE ONDERSKEIE GROEPERINGS
WAAR DAAR VAKATURES IS. KONTAK ASB DIE BETROKKE DIREKTEUR OF SAMEROEPPER.